Kenmerke van iemand met minderwaardigheid

Die wortels van minderwaardigheid lê altyd in ons jeug sodat ons dikwels geen herinnering het daaraan nie. Die meeste mense het verwerping ervaar as klein kind. Minderwaardigheid is een van my vleeslike reaksies hierop. Deur my keuse word minderwaardigheid deel van my persoonlikheid later. Wat ek saai sal ek maai.

Minderwaardigheid word gekenmerk deur ‘n groep van vleeslike kenmerke / metodes / ingesteldhede wat deel van my persoonlikheid word. Hierdie kenmerke kom gewoonlik saam voor.

Ek is ‘n kenner oor minderwaardigheid omdat dit baie lank deel van my persoonlikheid was. Hoe ver ek vry geword het, weet ek nie. Onthou my hart is bedrieglik bo alles en sal in hierdie verband vir my lieg. My hart sal vir my sê dat ek vry is, terwyl ek nie is nie. Onthou die hart is die plek waar die vlees in my is. Dit is ook waar Jesus is. Maar ek moet deur die Gees die vlees wat in my is doodmaak.

Die lewe van Saul. God kies hom as koning en hy profeteer selfs. Hy het ‘n nuwe mens geword. Het HG: iets wat uniek is in die Ou Testament. In die begin is hy gehoorsaam (**1 Sam 11: 6, 13-15**). Later is hy ongehoorsaam: Voer sy eie planne uit weens sy probleem. Volhard met sy probleem. HG wyk van hom. Bose gees neem oor. Eindig vol vrees met selfmoord, omdat hy nie die bespotting sal kan vat nie.

Drie vrae:

Ek ken die skrif wat sê dat ek tot alles in staat is in Christus wat my krag gee. My verstand ken dit, maar glo my hart dit? My optrede (die vrug wat ek dra) wys of my hart dit glo.

Ek weet met my verstand dat ek is ‘n nuwe skepsel is, maar glo my hart dit? Is my optrede anders?

Ek weet ek is ‘n lid van die liggaam van Jesus, maar glo my hart dat ek ‘n belangrike deel van die liggaam is? Hoe tree ek op?

As my hart dit nog nie glo nie, moet ek die vlees deur die HG doodmaak. Ek moet die HG vra dat Hy my die wortels wys, waar ek gesaai het sodat ek dit kan bely en vry kan kom. ‘n Belangrike deel van hierdie proses is dat ek ander moet vergewe wat Ek glo my verwerp het. Die verwerping kan partykeer bloot my

belewenis wees en glad nie die waarheid nie. Dit gaan dus oor my keuse en nie wat ander gedoen het nie. Deur hulle te vergewe bekeer ek my van my keuse van reaksie.

1 Hy was klein in sy eie oë

1 Sam 9: 21 kleinste geringste

1 Sam 15: 17 Hoewel jy klein was in jou eie oë

1 Sam 9: 1-2 Waarheid: pa was ryk
Hy was langer en mooier as al die ander.

1 Sam 10: 1, 6, 9 en 10-11 Blind vir wat God aan hom gedoen het

My woorde was altyd: “Ek is realisties.” Ander mense het egter gesê ek het myself in die voet geskiet.

Hoeveel kom tereg van dit wat God aan my toevertrou het? Begrawe ek my een talent uit vrees vir mislukking. Is daar ‘n diskrepansie hoe ek en hoe ander my sien.

2 Skynbare nederigheid

1 Sam 10: 22 kruip tussen die pakgoed weg

Ek het my akademiese prestasies gebruik om eer te kry, maar ek wou nie daarmee spog nie. My ma het egter en hoewel ek oënskynlik vies was vir haar en so gesê het, het ek tog dit geniet. My hart het vir baie lank vir my gelieg in hierdie verband. Ek was ‘n baie nederige ou volgens my hart. Wat ‘n leuen!

Minderwaardigheid en nederigheid lyk met die eerste oogopslag baie dieselfde. Daar is ‘n wesenlike verskil. Met nederigheid is ek vol vertroue omdat ek vrede gemaak het met God en met wie ek is. Met minderwaardigheid het ek geen vrede met wie ek is nie.

3 Vol trots

1 Sam 15: 12 rig ‘n gedenkteken vir himself op

Saul het ‘n fsiese gedenkteken vir dit wat hy bereik het opgerig. Ek rig

dieselfde gedenkteken op in my gedagtes. Watter prestasie(s) van my onthou ek omdat dit my menswees definieer? As ek myself moet beskryf aan iemand wat sal ek noem en wat sal ek weglaat? Dit wat ek noem is my gedenktekens.

4 Vrees vir mense

1 Sam 15: 24 bevrees vir die manskappe

Ek was ‘n ou wat altyd my eie ding gedoen het en ‘n loner was. Ek was tot ‘n mate ‘n rebel wat my aan niemand gesteur het nie. Weereens het my hart vir my gelieg. Ek kon nooit ‘Nee’ vir mense sê nie.

5 Soek die eer van mense

1 Sam 15: 12 gedenkteken vir homself opgerig nadat hy ongehoorsaam was om die Amelekiete met die banvloek te tref

1 Sam 15: 30 Samuel se teenwoordigheid by aanbidding is nodig weens die eer van mense

Die uiterlike word gebruik as ‘n skans. Watter rol speel my klere, my make-up, my werk, my kar, my huis, my werk, my kwalifikasies in my lewe?

As die Here my gebruik, wat kom na die tyd by my op: blydskap, dankbaarheid, of trots? By my het trots opgekom.

6 Vergelyking met ander en jaloesie

1 Sam 18: 8-11 jaloers op Dawid

Is ek gedurig besig om myself te vergelyk met ander?

Geniet ek dit as iemand tot ‘n val kom of struikel?

Moet ek altyd almal rondom my afkraak sodat ek beter kan lyk.

Voel ek bedreig deur ander wat gebruik word deur God of wat beter presteer as ek of wat iets het wat ek nie het nie?

7 Agterdogtig

1 Sam 9:20-1 Kan nie glo dat Samuel hom eer nie.
Sien altyd ‘n geheime agenda by iemand. Die rede hiervoor is dat ek ‘n geheime agenda het.

1 Sam 22: 13 beskuldig valslik die priester dat hy met Dawid saamgesweer het toe Dawid gevlug het en die toonbrode en Goliat se swaard gekry het

Sien ek alewig ‘n sameswering teen my om elke hoek en draai. Sien ek klieks wat teen my is. Staan ek buite en is ek nooit deel van die groep nie?

Moet ek veg vir ‘n plekkie in die son? Kom almal my altyd te na?

8 Godsdienstig

1 Sam 13: 7-13 Kyk sy verskoning
Geheime agenda: hy was bloot bang sy manskappe word te min, maar hy klee sy optrede godsdienstig in.
Het ‘n behoefte om geregverdig te wees
Hy was skynheilig
Hy was ook aanmatigend: hy was geen priester
Probeer God manipuleer met die offer

1 Sam 14: 18 Ark by hom; het iets addisioneel nodig; God alleen is nie goed genoeg

27-29 34-35 39 44-45 Verbod om iets te eet op’n verkeerde tyd;
Geweldig onwys want God is nie daarin nie.
Het nie God geraadpleeg nie

1 Sam 15: 13-14 Kyk hoe wonderlik

20-21 Kyk hoe hy voldhard en sy verskonings
Wil geregverdig wees in alles was hy doen

22-23 wederstrewigheid = waarsêery
eiesinnigheid = afgodediens
Kom neer op God manipuleer

24-25 Nou eers die bekentenis; maar daar is geen werklike bekering en berou nie

30-31 Nogtans aanbid Saul God

1 Sam 21: 1-2 Gibeoniete
Probeer skynbaar God se opdrag om almal in die beloofde land uit te wis, uit te voer; besef nie daar is ‘n verbond met hulle gesluit nie
Kan nie die geestelike raaksien nie; werk letterlik; alles word dus wetties benader
Bring ‘n vloek op die land (droogte)

1 Sam 22:13-16 Wis die priesters van Nob uit
Lieg en bring valse getuienis teen hulle
Maak in werkliheid ‘n voorbeeld van hulle as afskrikmiddel sodat niemand Dawid sal help nie
Het dus ‘n geheime agenda, maar klee dit in ‘n kleed van geregverdigde optrede
Weereens wil hy geregverdig voorkom

Saul klee sy optrede in as godsdienstig, maar doen in werklikheid net wat hy wil. Hy is in werklikheid skynheilig. Saul het God probeer manipuleer.

9 Manipulasie: selfbejammering en omkoop

1 Sam 22: 7-8 2 vorme van manipulasie

- medelye (O arme ek, Martie martelgat)
- Omkoop (Geld, kos, tyd, enigiets)

Minderwaardigheid en alles wat daarmee gepaart gaan is kortom ‘n vleeslike manier om my wil te kry.